

Donderdag 6 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 11:1-17

Fokusgedeelte: Jeremia.11:4
(1983-vertaling)

Die ou verbond lê aan skerwe!

Die hele Ou Testament getuig van God wat letterlik alles doen om in 'n egte Vader-kind verhouding met sy volk te lewe. God roep vir Abraham uit 'n ver land. Hy verlos sy kinders uit Egipte en doen groot wonderwerke voor hulle. Hy vestig sy verbondsverhouding met sy kinders deur in sy wet vir hulle te leer hoe hulle in 'n egte verhouding saam met Hom kan lewe. Tog lees ons ook hoe sy kinders oor en oor weier om na God se "woorde te luister" (vs 10) en hoe hulle agter vreemde afgode aangeloop het.

God se verwagting was dat sy kinders "mooi gevormde vrugte" (vs 16) moes dra wat Hom onder die nasies verheerlik. Van die innige Vader-kind verhouding wat daar tussen Hom en sy kinders moes wees, het niks oorgebly nie. Die ou verbond wat deur die wet van God gereël was, het aan skerwe gelê. Deur sy profeet maak God dit aan hulle bekend dat Hy 'n "ramp" oor hulle gaan laat kom. 'n Ramp wat hulle verdien omdat hulle hul rug op God gedraai het.

Die droewige waarheid van God se kinders wat nie deur die wet in 'n verhouding met Hom kon lewe nie, is natuurlik ook ons eie droewige verhaal. Nie omdat die wet sleg is nie, maar omdat ons harte so opstandig is. Op ons eie verdien ons dat God oor ons 'n ewige ramp moet bring. Die uiterste ellende waarin God se kinders verkeer, roep na 'n nuwe verbond (vgl. Jer. 33). Hierdie nuwe verbond het Christus met sy bloed aan die kruis beseël (Luk. 22:20). Deur sy Gees wat Christus se liefde in ons harte uitstort, kan ons nou weer God en ons naaste liefhê. Net in Christus is God weer my Vader en ek sy kind.

Sing: Psalm.25-1:6, 7

Ds. HJ Stoltz (Hendrik) (Ontdekkers)